



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRHL.1

AFRIKAANS HUISTAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2010

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

OGGENDSESSIE



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taal	(30)
2. Lees ALLE instruksies sorgvuldig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: ARTIKEL EN ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

Water ... kom ons drink daarop

- 1 As iemand vra 'Wat sal jy drink?' antwoord die sjiekste vroue nie sauvignon blanc nie ... hoewel dit seker altyd 'n gangbaar elegante keuse sal bly. As jy régtig 'n indruk wil maak, bestel jy gebottelde water. En nie sommer wat die restaurant het nie, maar jou gunsteling omdat jy jou water so goed soos jou wyne ken.
- 2 Water het uit die kombuis geskuif na die kristalkraffie op die eetkamertafel. Dis nie meer maar net water nie; dis selfs nie noodwendig maar net 'stil'- of 'vonkel'-water soos by daardie restaurante wat hul water steeds onder 'koeldrank' lys nie ...
- 3 Die fynproewers onder ons ruik nou kieskeurig aan berg- en swaelwaters en water uit ondergrondse klipbanke en ken die verskil tussen natuurlike water en bronwater.
- 4 Ná millennia waartydens water die afskeepdrankie was wat jy net gedrink het by gebrek aan iets 'beters' en beslis nooit vir gaste sou aanbied of in 'n restaurant sou bestel nie, moet jy nou bereid wees om te betáál vir 'n glas goeie water. Water is nie meer net 'n verpligte dieetvoorskrif nie: dis kóél.
- 5 Hier's wat jy moet weet as jy water bestel: Op die etikette wemel dit van terme wat die deugde van die betrokke water onder jou aandag bring. Maar wat op aarde is regtig natuurlik en regtig gesond?
- 6 Nuwe Suid-Afrikaanse wetgewing erken drie waterklassifikasies.
- 7 **Natuurlike water** – dit is die enigste natuurlike water wat gebottel word net soos dit uit 'n ondergrondse klipbank kom. Dit mag glad nie behandel word nie en moet binne 150 meter van die bron gebottel word. Net hierdie produk mag 'natuurlik' op die etiket skryf. Die adres van die bron moet ook op die bottel verskyn.
- 8 **Bronwater** – dié water kom wel uit 'n natuurlike bron soos 'n fontein, boorgat, uit 'n rivier, of dit kan reënwater wees. Die verskil is dat dié water gesuiwer word om mikrobes te verwyder. Dié soorte water moet die bron, die fisiese adres van die bron en ook die suiweringsmetode wat gebruik is, aandui.
- 9 **Bereide water** – alle ander water is bereide, gebottelde water. Dit kan van enige bron kom: van 'n fontein tot selfs munisipale kraanwater. Die munisipale water wat ons tuis tap en drink, is inderdaad ook bereide water, want dié water is gesteriliseer en fisiek behandel.



10 Die etikette van bereide water moet aan verskeie voorskrifte voldoen. Daar móét 'bereide water' op die etiket staan en die bron móét akkuraat verklaar word. As dit van munisipale kraanwater berei word, moet daar staan 'uit 'n openbare waterverspreidingstelsel'.

11 Gebottelde water word meestal in plastiekbottels verkoop, teenoor kraanwater wat géén bottel vereis nie. Die ironie is dat jou gesondheidsbewuste drang na gesuiwerde water tot besoedeling kan lei.

12 Jy moet dus jou kant bring: moenie jou waterbottels laat agterbly waar jy dit gebruik het nie; moet hulle ook nie in die vullisdrom gooi nie. Maak hulle bymekaar en gooi hulle in jou naaste plastiekherwinningshouer.

RAADPLEEG DIE KENNERS Die meeste waterbottleerders hou by die riglyne van SANBWA (Suid-Afrikaanse Nasionale Assosiasie vir Gebottelde Water) wat die hoogste internasionaal-erkende standaarde navolg. Meer inligting is beskikbaar by 011 884 5916 of www.sanbwa.org.za

WEES 'N SLIM VERBRUIKER. Die beste water dra dié waterembleem.



[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Januarie 2008]

- 1.1 Lees die titel en voorspel dan waaroor die inhoud van die teks handel. (1)
- 1.2 Wat word bedoel met 'n indruk ... maak' (paragraaf 1)? (1)
- 1.3 Wat is volgens paragraaf 1 die beste keuse vir 'n drankie? (1)
- 1.4 Wat word bedoel met die woorde 'Water het uit die kombuis geskuif na die kristalkraffie op die eetkamertafel' (paragraaf 2)? (1)
- 1.5 Tussen watter TWEE soorte gebottelde water word daar in paragraaf 1 en 2 onderskei? (2)
- 1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van die antwoord neer.
- Die woord 'millennia' (paragraaf 4) verwys na tydperke van ...
- A 10 weke.
B 10 jaar.
C 100 weke.
D 1 000 jaar. (1)
- 1.7 Verduidelik die twee betekenisse van 'kóél' (paragraaf 4). (2)
- 1.8 Aan watter TWEE voorskrifte moet natuurlike water voldoen? (2)

- 1.9 Lees weer paragraaf 7 tot 10. Noem EEN ooreenkoms tussen die inligting wat op die bottels natuurlike water, bronwater en bereide water verskyn. (1)
- 1.10 Hoe verskil bronwater van natuurlike water? (2)
- 1.11 Wanneer word water as 'bereide water' beskou? (2)
- 1.12 Verduidelik die ironie in: '*dat jou gesondheidsbewuste drang na gesuiwerde water tot besoedeling kan lei.*' (paragraaf 11) (2)
- 1.13 Hoe word die Suid-Afrikaanse publiek van kwaliteitwater verseker? (1)

EN



[Bron: Oorspronklike manuskrip van Beethoven se Sesde Simfonie met vergunning van die Staatsbiblioteek, Berlyn]

Simonsberg-kaasmakers weet: Daar is nie so iets soos 'n kits meesterstuk nie.

- 1 Dit sou nogal interessant wees om te hoor hoe die eerste weergawe van Beethoven se Sesde Simfonie geklink het in vergelyking met die eindweergawe. Om te hoor waar hy begin het en nie net waar hy geëindig het nie.
- 2 Hoe die komposisie herskryf, verbeter en verfyn is, die eindelose deurhaal en byvoeg van note, sou 'n mens waarskynlik verstom. So ook sal ons seker nooit weet hoeveel keer Shakespeare 'n sonnet oorgeskryf het voordat hy daarmee tevrede was nie. Sou die beroemde Da Vinci ooit iets uitgegee het? Waarskynlik.

- 3 Wat ons wel weet, is dat die voorste skeppers in die geskiedenis verstaan het dat die manier waarop 'n skrywer iets beskryf, net so belangrik is soos die manier waarop hy dit nie beskryf het nie.
- 4 Die musieknote wat die meesters vir ons laat hoor, is net so belangrik soos dié note wat hulle weggelaat het.
- 5 Die kuns van verfyning (deur dit wat ons finaal toevoeg of weglaat) is die belangrikste bestanddeel.
- 6 By Simonsberg huldig ons ook hierdie filosofie en ons pas dit op ons kase toe.
- 7 Deur net die keurigste bestanddele soos Jersey-melk, en natuurlik – die belangrikste van alles – tyd saam te voeg, het ons Romerige Bloukaas en die bekroonde Simonzola bloukaas geskep. Onder 'n verskeidenheid kase is elke Simonsbergkaas 'n meesterstuk!

[Verwerk uit: *Insig*, Julie 2007]

- 1.14 Sê in jou eie woorde wat, volgens die eerste sin, interessant sal wees om te hoor. (1)
- 1.15 Wat word met die tweede sin van paragraaf 1 geïmpliseer? (1)
- 1.16 'Hoe die komposisie herskryf, verbeter en verfyn is, die eindelose deurhaal en byvoeg van note, sou 'n mens waarskynlik verstom' (paragraaf 2). Is hierdie stelling 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)
- 1.17 Kies die antwoord wat NIE pas NIE. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van die antwoord neer.
- Die woord 'voorste' (paragraaf 3) verwys na ...
- A beste
B bekendste
C beroemdste
D berugste (1)
- 1.18 Watter filosofie huldig die mense van Simonsberg-kaas? Skryf slegs EEN sin in jou eie woorde neer. (1)
- 1.19 Watter TWEE faktore maak van Simonsberg se bloukaas 'meesterstukke'? (2)
- 1.20 Hoekom kan Simonsberg daarop aanspraak maak dat elkeen van hul kase 'n meesterstuk is? (1)
- 1.21 Watter TWEE prosesse word in die advertensie aan mekaar gelykgestel? (2)

[30]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming van hoe die infrastruktuur in Mpumalanga se hospitale verbeter word. Jou opsomming moet in tabelvorm in volsinne aangebied word en mag nie uit meer as 90 woorde bestaan nie.

Fokus op Mpumalanga: Opgradering vorder fluks

- 1 Die departement van openbare werke in Mpumalanga vorder fluks met die opgradering van hospitale en paaie in die provinsie.
- 2 Wasnaar Hlabangwane, hoofbestuurder: professionele- en projekbestuursdienste by die departement, sê die projekte word gefinansier deur verskeie toelaes van Fifa wat daarop gemik is om die huidige infrastruktuur te verbeter.
- 3 Die Rob Ferreira-hospitaal is in sy vierde opknappings- en opgraderingsfase. Altesame R111,5 miljoen is in die konstruksie van hierdie fase belê. Dit sluit onder andere 'n kafeteria, toeganklike dagsorggeriewe, die opknapping van toegeruste laboratoriums, opgradering van vier sale en die administratiewe blok, asook die parkeerarea in. “Die meeste van hierdie werk sal teen Maart 2010 voltooi wees. Wanneer dié werk afgehandel is, beplan ons ook 'n dagklinik, sê Hlabangwane.
- 4 Die opknapping van die Intensiewesorgeenheid en die kraamsaal teen 'n koste van R18 miljoen by die Ermelo-hospitaal sal in Januarie voltooi wees. Die konstruksie van die kinderafdeling teen R13,2 miljoen, is reeds 40% voltooi.
- 5 Die Middelburg-hospitaal ondergaan herstelwerk aan die dakke, twee sale en die helikopterlandingsarea. Daar is reeds met die bou van 'n operasietheater, apteek, ongevalle-afdeling en 'n nuwe hoërsorgeenheid begin. Die projek is 25% voltooi en 'n bedrag van R58 miljoen is daarin belê.
- 6 Die infrastruktuurontwikkeling by die Barberton-hospitaal behels herstelwerk en uitbreiding en R83 miljoen is daarvoor opsy gesit.
- 7 Die opgradering van die Delmas-hospitaal behels die opknapping en opgradering van die ou teaters, mans- en vrouesale en die administratiewe blok. Volgens beplanning sal die projek, waarin R23 miljoen belê is, in Oktober 2010 voltooi wees.
- 8 Altesame R10,8 miljoen word bestee aan die opgradering van die Kwamhlanga-hospitaal, wat die pad na die hospitaal, die parkeerarea en die nuwe sekuriteitshuis by die ingang insluit. Die projek is reeds 86% voltooi.



- 9 By die Witbank-hospitaal beteken konstruksie 'n moderne kindersaal, asook verblyfgeriewe vir ma's met siek kinders. Die koste beloop R81 miljoen en "die vordering is buitengewoon. Ons hoop om in Desember 2009 of selfs vroeër klaar te wees," sê Hlabangwane.
- 10 R100 miljoen word in die Temba-hospitaal belê. Dit sluit 'n psigiatriese saal en postnatale-, kroniese- en ortopediese sale in.
- 11 Só word die 2010-droom deur diensverskaffing 'n suksesvolle werklikheid in Mpumalanga.
- [Verwerk uit *Rapport*, 26 Julie 2009]

VOLTOOI DIE ONDERSTAANDE TABEL IN JOU ANTWOORDEBOEK.

Hospitaal	Hoe die infrastruktuur verbeter word
Rob Ferreira	2 feite
Middelburg	2 feite
Delmas	1 feit
Kwamhlanga	1 feit
Witbank	1 feit

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: KOERANTARTIKEL, STROKIESPRENT EN GRAPPIE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

LET WEL: By VRAAG 3.10 en 3.11 is sommige dele van die teks weggelaat omdat daar vrae daarvoor gestel word.

PYN EN PROTES OP LAP
Vroue verwerk Zimbabwe-trauma só

1 “Hier steek hulle ’n huis aan die brand en hier ja hulle mense met stokke weg.”

2 Die applieklaappies vertel ’n lang en tragiese storie.

3 “... hier slaan hulle een man met stokke – kyk, daar lê hy op die grond. En hier kan jy sien die mense wat oorgebly het, bly nou in die veld onder ’n boom.”

4 Dié stuk politieke kommentaar op lap het Eve Gonye oor die afgelope twee maande in vier panele, steek vir steek, met die hand geskep.



5 Hoeveel trane het nie dalk daarop gedrup nie?

6 Sy verkoop elke paneel vir ’n skamele R50. ’n Mens voel skoon skuldig om so min daarvoor te betaal.

7 Maar vir Eve Gonye en talle ander kunstenaars van Zimbabwe is dié appliekwerk ’n manier waarop die verdrukes hulle trauma probeer verwerk.

8 Die Weya-appliekwerk, soos dit bekendstaan, (3.10 ... datum) uit 1984 toe ’n Duitse welwillendheidswerker, Ilse Noy, plaaslike vroue van die dorpie Weya leer naaldwerk doen het.

9 Die produkte het sy (3.11 ...) toeriste bemark.

10 Die vroue het die naaldwerk só gou bemeester dat hulle intussen hulle eie stempels daarop afgedruk het.

11 Die lappe het muurbehangsels geword en die muurbehangsels kunswerke wat wêreldwyd verkoop word. Hulle het selfs al pryse daarmee gewen.

12 Weens die ekonomiese en politieke situasie in Zimbabwe kan die vroue egter nie die lappe daar verkoop nie en is hulle verplig om na buurlande soos SA te reis om dit hier te verkoop.

13 As kunstenaars het hulle ook eiewaarde deur hul kreatiwiteit gevind – kreatiwiteit wat 'n reddingsboei geword het vir vroue soos Eve Gonye in 'n land met bitter min hoop vir die meeste mense.

[Verwerk uit: *Rapport*, 27 Julie 2008]

- 3.1 'Ja' word gewoonlik vir bevestiging gebruik. As watter woordsoort word 'ja' in paragraaf 1 gebruik? (1)
- 3.2 '*aan die brand*' (paragraaf 1) dui voortgang of duur aan. Gee die korrekte teenwoordige deelwoord vir '*brand*'. (1)
- 3.3 Wat is die stam (basis) van '*tragiese*' (paragraaf 2)? (1)
- 3.4 Gee 'n persoonsnaam vir '*die mense wat oorgebly het*' (paragraaf 3). (1)
- 3.5 Gee die verkleining van 'trane' (paragraaf 5). (1)
- 3.6 Brei die sin '*Hoeveel trane het nie dalk daarop gedrup nie?*' in paragraaf 5 uit met 'n byvoeglike bepaling. (1)
- 3.7 Gee die intensiewe vorm vir 'min' (paragraaf 6). (1)
- 3.8 In paragraaf 6 kom die woord 'skuldig' voor. Maak nou 'n verhelderende sin met elk van die volgende woorde:
- 3.8.1 'beskuldig' (1)
- 3.8.2 'onskuldig' (1)
- 3.9 Watter antwoord PAS NIE? Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer.
- 'n Sinoniem vir '*talle*' (paragraaf 7) is ...
- A verskeie
B baie
C weinige
D honderde (1)
- 3.10 Skryf die korrekte vorm van die woord '*datum*' (paragraaf 8) neer. (1)
- 3.11 Skryf die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 9 neer. (1)
- 3.12 Verduidelik wat die verskil tussen 'toeriste' (paragraaf 9) en 'toerisme' is. (2)
- 3.13 Skryf die volgende sin in die lydende vorm: '*Die vroue het die naaldwerk gou bemeester.*' (Paragraaf 10). (1)
- 3.14 Wat is die konnotasie van '*stempels*' (paragraaf 10)? (1)



- 3.15 Voltooi die idiomatiese uitdrukking: As iets wêreldwyd suksesvol verkoop word (paragraaf 11), verkoop dit soos ... (1)
- 3.16 Skryf in die ontkenende vorm: Hulle het al pryse daarmee gewen. (1)
- 3.17 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die tweede sin in paragraaf 11? (1)
- 3.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter neer.
- Die korrekte afkorting vir Zimbabwe (paragraaf 12) is ...
- A zim
B Zim
C zim.
D Zim. (1)
- 3.19 Gebruik die homofoon van 'reis' (paragraaf 12) in 'n verhelderende sin. (1)
- 3.20 In paragraaf 13 word 'reddingsboei' figuurlik gebruik. Gebruik dit nou letterlik in 'n verhelderende sin. (1)
- 3.21 Lees weer paragraaf 5 en 12 en verduidelik watter gevoel die skrywer by die leser wil tuisbring oor die volgende:
- 3.21.1 Die vroue (1)
- 3.21.2 Die situasie in Zimbabwe (1)

EN

Raam 1



Raam 2



[Uit: Die Burger, 10 Oktober 2008]

EN

'n Jafel vra die veearts om sy hond se stert af te sny. "Nou hoekom dan?" wil die veearts weet. "Wel," sê die jafel, "my vrou se ma kom volgende maand kuier en ek wil nie hê sy moet enigiets sien wat haar welkom sal laat voel nie."

[Uit: Mieliestronk.com]



- 3.22 Identifiseer die onderwerp in Helga se eerste praatborrel in raam 1 in die strokie. (1)
- 3.23 Skryf die hulpwerkwoord 'wil' in raam 1 in die strokie in die verlede tyd. (1)
- 3.24 Die strokiesprent en die grappie bevat dieselfde vorm van stereotipering.
- 3.24.1 Identifiseer die stereotipering in die strokiesprent en die grappie. (1)
- 3.24.2 Verduidelik kortliks hoe jy die dialoog in raam 2 van die strokiesprent sou verander om die stereotipering uit te skakel. (1)
- 3.25 Naas 'veearts' ken ons ook die woorde *tandarts*, *kinderarts* en *oogarts*. Op watter manier is die woord 'veearts' gevorm? Kies EEN van die onderstaande moontlikhede en skryf slegs die vraagnommer (3.25) en die korrekte letter neer.
- A Toutologie
- B Analogie
- C Kontaminasie
- D Klinkerwisseling (1)
- 3.26 Gee EEN woord vir 'my vrou se ma' in die grappie. (1)

[30]**TOTAAL AFDELING C: 30****GROOTTOTAAL: 70**